

Die antichris as vals nabootser van Christus

Openbaring 13:1-10

30 Augustus 2020

1. Beskrywing van die dier uit die see (die antichris)
 - a. See geassosieer met opstandige volke (vs 1, Jes 17:12-13)
 - b. Lyk soos die draak (vs 1, vgl Op 12:3)
 - c. Lyk soos die vier diere in Dan 7:1-7 – hulle was vier koninkryke (Dan 7:17)
 - i. Vierde dier het 10 horings, word gekenmerk deur godslastering, sy regering strek vir tyd, tye en halwe tyd tot met die hofsitting (Dan 7:23-26)
 - ii. Dier uit die see het mag (vs 2), het ook 10 horings, word gekenmerk deur godslastering (vs 1, 5-6), sy regering strek oor 42 maande (vs 5)
 - d. Het dodelike wond wat genees het (vs 3, Op 13:14b)
 - e. Mense is verwonderd oor die dier, aanbid die dier uit die see en die draak (vs 3-4)
 - f. Hierdie mense kom uit elke stam, volk, taal en nasie; hulle name is nie in die boek van die lewe nie (vs 7b-8)
2. Vergelyking van dier uit die see met Christus

Dier uit die see, antichris	Christus
10 heerserskrone Beperkte en tydelike mag	Baie heerserskrone (Op 19:12) Alle mag vir ewig (Dan 7:13-14)
Godslasterlike name op koppe Leer godslasterlike dinge	Naam op klere: Koning van die konings, Here van die heersers (Op 19:16) Leer Godverheerlikend (Joh 17:6-8)
Dodelike wond het gesond geword, maar uiteinde is die vuurpoel (Op 19:20)	Lam wat geslag is (Op 5:6, 12) Eerste en die Laaste, wat dood was en weer lewend geword het (Op 2:8) Lewe tot in ewigheid (Op 5:13)
Mense was verwonderd en aanbid dier: “Wie kan met die dier vergelyk word? Wie kan teen hom oorlog voer?”	“Wie van die gode is soos U, Here? Wie is soos U, so hoog geëer en heilig?...” (Eks 15:11) “Here wie is soos U wat die swakke bevry van die wat sterker is?” (Ps 35:10)
Voer oorlog teen gelowiges en oorwin hulle	Voer stryd vir gelowiges en maak hulle ‘n koninkryk en priesters (Op 5:10)
Word aanbid deur mense uit elke stam, volk, taal en nasie, wie se name nie in die boek van die lewe staan nie	Koop mense los uit elke stam, taal volk en nasie (Op 5:9), en beloof Hy sal hulle name nooit uit die boek van die lewe haal nie (Op 3:5)

3. Implikasies
 - a. Dier uit see funksioneer in gesagstrukture onder alle volke wêreldwyd. Hy werk op godslasterlike wyses teen Christus en Sy volgelinge. Word aanbid deur baie entoesiastiese volgelinge.
 - b. Dink aan regerings/gesagstrukture wat Christene vervolg, en wat onchristelike optrede verwag
 - c. Onthou: God het ons vooraf gewaarsku hieroor, hierdie situasies doelbewus bewerk – en gelowiges se name onuitwisbaar in die boek van die lewe geskryf voor die skepping van die wêreld.